

## **Skrifgedeelte: Josua 2 en Heidelbergse Kategismus Sondag 52 v/a 127**

### **Teksters: Josua 2:16**

#### **Tema: Gaan, deur die krag van die Heilige Gees, na ons Rots, Jesus Christus, toe in tye van gevaar!**

Dit is heeltemal normaal, natuurlik en menslik om bang te wees. Om bang te wees en om te vrees is `n alledaagse realiteit in ons lewe en ons moenie dink dat vrees in stryd is met ons geloof nie. Om te glo beteken nie dat ek nie meer mag bang wees of dat ek `n swak geloof het nie. Dit is juis wanneer ons oorval word met ons vrese, wat ons in Josua 2 wonderlike troos ontvang! Die feit dat twee verkenners van die volk van God bang en versigtig is, gee hier vir ons baie troos.

Regdeur die Bybel hoor ons van gelowiges wat bang was, ten spyte van hulle geloof. Elia, byvoorbeeld, was bang vir Isebel, net nadat hy `n wonder van die Here beleef het en 400 profete van Baäl doodgemaak het. Dawid was bang vir Saul en het vir hom gevlug, selfs nadat God aan Dawid bekend gemaak het dat hy gaan koning word. Petrus en die dissipels was bang tydens `n storm op die see van Galilea terwyl Jesus Christus saam met hulle op die boot was. En Christus, wat geweet het dat Hy die dood gaan oorwin, was op die aand voor sy kruisiging bang vir dit wat op Hom gewag het.

Daarom kan dit nie anders wees dat hierdie twee verkenners bang was nie en dat Ragab vir hulle gesê het om na die berge toe te gaan totdat dit veilig was om terug te gaan oor die Jordaan nie. My broer en suster, moet ook nie dink dat hierdie twee verkenners nie geweet het van die Here se sorg en beskerming vir sy volk nie. Dink net hieroor: dit is God wat hierdie twee manne gelei het om by Ragab uit te kom, sodat hulle veilig kan wees.

God gebruik haar, in haar mens-wees, op twee maniere. Eerstens, as deel van die gebruik van daardie tyd, sou mans nie in haar huis ingegaan het nie, weens die feit dat sy `n vrou was en weens die feit dat dit verkeerd was dat `n soldaat van die koninklike wag by `n prostituut aan huis gaan. Tweedens gee Ragab hierdie besondere belydenis oor wie God is. Dit is die eerste geloofsbelydenis wat ons in die Bybel kry – en dit uit die mond van `n heidense prostituut! Selfs sy erken dat God almagtig is. Hoeveel moes dit nie vir die verkenners beteken het nie?

Tog is hulle bang en vlug hulle. Tog gaan hulle die berge in om weg te kom van die gevaar af. Net omdat hulle geweet het wie God is en wat Hy vir sy volk doen, het dit nie beteken dat hulle nie bang was nie. Dit is menslik, natuurlik en nie sondig nie, om bang te wees.

Ook vir jou en my! Net omdat ons God werklik ken, net omdat ons die krag van die Heilige Gees in ons lewe beleef en net omdat ons weet dat Jesus Christus Koning, Verlosser en Oorwinnaar is, beteken dit nie dat ons nie meer bang is nie. Daar is ontsettend baie dinge waarvoor ons nog bang is buiten die gewone gevaar van rowers en misdaad – ons is bang vir mislukking, ons het `n vrees vir verwerping, `n vrees dat ons dalk uitgevind mag word, `n vrees dat ons nie dalk alles sal klaar kry wat ons nog hierdie jaar wil doen nie, `n vrees vir `n dodelike siekte, `n vrees om iemand aan die dood af te staan of `n vrees vir die toekoms.

Dit is normaal om bang te wees ten spyte van ons geloof in die lewende, Drie-Enige God. Die twee vrae wat ons egter moet vra, is: erken jy nog jou werklike vyande of is jou vrees dalk `n valse vrees wat die vyand jou gee? En, hoe hanteer jy jou vrees?

Ons werklike vyande word vir beskryf in Efesiërs 6:12 wanneer daar staan dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bese gees in die lug. Anders gestel: ons werklike vyand is Satan en hierdie stoute der duivel het drie aanvalstegnieke waarmee hy ons bang maak: die eerste is demone en geeste, tweedens deur die wêreld en laastens deur ons ou, sondige mens.

Die eerste aanvalstegniek is demone en geeste. Alhoewel ons, in die gereformeerde kerke, nie altyd hiermee te doen kry nie, is dit 'n realiteit dat daar demone en bese geeste is wat in diens van Satan staan waarmee hy ons probeer bang maak. Veral in jou kerke waar gelowiges uit tradisionele Afrika godsdienste bekeer het, gebeur dit baie dat hulle fisiese aanslae van demone en bese geeste beleef. Een van die grootste foute wat ons as kerk kan maak, is om hierdie aanslae en die bestaan van die bese te ontken.

Die tweede aanvalstegniek is die wêreld. Ons as kerk lewe só in die wêreld dat ons dikwels onself aan wêreldse standaarde meet en dan word ons oorval deur vrees. As ons een voorbeeld kan gebruik: Daar is niks mee verkeerd om jou beste te gee en die beste te wil bereik nie. Ons wil mos ons allerbeste vir die Allerhoogste gee.

Maar wanneer ons onself aan ander mense meet en ons wil beter as hulle doen, dan raak dit verkeerd en dan oorval die vrees van mislukking ons. Kompetisie, in enige vorm, gaan teen die koninkryk van God in, want dit beteken dat ek iemand anders moet verneder, sodat ek beter as hulle kan wees. Daarteenoor leer die Here ons om ons naaste soos onself lief te hê en om vir hulle die beste te soek.

Die derde aanvalstegniek van die satan is ons ou sondige mens. Hierdie vyand is 'n realiteit en dikwels word 'n verkeerde beeld deur die wêreld geskep en ons sondige verlede gryp hieraan vas. Byvoorbeeld, die wêreld hou vir ons die beeld voor dat ons net gelukkig sal wees as ons die beste van alles het: die beste motor, huis en werk. En om dit te bereik om ons ons lewens oorgee aan werk, sodat ons genoeg geld kan maak. Ons sondig verlede gryp dan hieraan vas en ons word slawe van ons werk met te min tyd vir verhoudings, vir ontspanning, vir tyd alleen saam met God.

Dit is juis dan wat vrees my oorval en wat ek dikwels 'n valse vrees ontwikkel. 'n Valse vrees deurdat ek bang is dat ek nie gelukkig sal wees as ek nie al hierdie aardse dinge het nie. 'n Valse vrees deurdat ek dink dat 'n betekenisvolle lewe daarin lê dat ek die beste het en die beste bereik. Terwyl God ons leer dat 'n betekenisvolle lewe en 'n gelukkige lewe gevind word in 'n lewende verhouding met God.

Maar hoe hanteer ek my vrees, wanneer ek wel bang is vir iets wat my werklike vyande oor my pad bring. Wat doen ek wanneer die Satan, die wêreld en my sondige natuur my aanval? Om jou vrees só te hanteer dat dit van jou lewende geloof getuig, behels drie dinge. Kom ons noem hulle drie verdedigingstegnieke.

Die eerste verdedigingstegniek is om te erken en te bely dat jy só swak is dat jy nie alleen staande kan bly nie. Die aanvalle en dreigemente wat ons ontvang, is dikwels net só groot dat ons nie alleen teen dit kan veg nie. Daar is weer baie voorbeelde in die Bybel waar gelowiges juis dit bely wanneer hulle oorval word met vrees. Sekerlik die grootste voorbeeld hiervan is Jesus Christus die aand voor sy kruisiging. In sy menslike natuur was Hy só swak en bang, dat Hy na die Vader toe gevlug het:

“Vader, as dit U wil is, laat hierdie lydensbeker my verbygaan. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.”

Die tweede verdedigingstegniek, bou op die eerste, en dit is om deur die krag van die Heilige Gees staande en sterk te bly. Om iets deur die krag van die Heilige Gees te doen is om sonder ophou te bid dat God uitkoms sal gee en om die wapenrusting van God aan te trek. Paulus leer ons op `n aangrypende manier in Romeine 8 dat wanneer hierdie gebroke wêreld net té veel raak vir ons en ons gaan in gebed na God toe, dan tree die Heilige Gees vir ons in met woorde wat ons nie eers kan verduidelik of verklaar nie.

En om die wapenrusting van God aan te trek, beteken dat ek my oefen in die geloof, deurdat ek meer-en-meer tyd in die Woord van God, in die waarheid, deurbring, dat ek dink oor wat geloof, vryspraak en verlossing vir my beteken, dat God dit alles aan my gegee het en dat ek bereid is om hierdie evangelie van vrede aan almal te vertel en om dit wel te vertel. Dit is dan ook deur gebed wat ek God moet pleit om hierdie wapenrusting my eie te maak en dat Hy aan my die krag sal gee om te volhard in gebed.

Die derde verdedigingstegniek is om na Christus, ons Rots, toe te vlug. Op `n hele paar plekke in die Nuwe Testament word Psalm 118 aangehaal. Daar staan dat die steen wat deur die bouers afgekeur is, juis die steen is wat God gekies het as die hoeksteen. Hierdie woorde word dan van toepassing gemaak op Jesus Christus en die kerk, waar Jesus Christus die hoeksteen is en die kerk die gebou is wat op Christus gebou word.

Dit beteken dat Jesus Christus ons as kerk, as gelowiges, staande hou en ons sterk maak. As ons dit anders moet stel: Jesus Christus het klaar die oorwinning oor ons vyande behaal en wanneer ons in Hom glo, is die oorwinning ook reeds ons oorwinning. Dit beteken dat ons op Jesus Christus vertrou omdat Hy klaar oorwin het en omdat Hy oorwin het, kan ons in sy Naam ook oorwin, kan ons teen ons vyande, die duiwel, die wêreld en ons sondige natuur, stry en oorwin.

Dit beteken nie dat ons nie meer gaan bang wees nie. Trouens, baie keer wanneer die geveg nog aan die gang is, selfs al is die oorlog klaar gewen, is die soldate nog bang. Wat hierdie wel beteken, is dat ons wanneer bang, kan vashou aan die wete dat Jesus Christus klaar oorwin het en dat ons deel aan daardie oorwinning en dat niks en niemand ons hiervan kan wegneem nie. Wanneer jy bang is, wanneer vrees jou oorval, gaan deur die krag van die Heilige Gees na ons Rots, Jesus Christus, toe!

Amen.